Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Woordeskat: Skryf die Afrikaanse woorde een keer in die blokkies neer:

Afrikaanse Woorde	*Engelse Betekenis*	
uitstekende	excellent	
Atleet	athlete	
Oefen	exercise	
Elke dag	everyday	
Terg	tease	
Wens	wishes	
Raak	become	
Seer	sore	
Veral	especially	
Haat	hate	
Lag	laugh	
Vat	take	
Gespaar	saved	
Dorp	town	
Sommer	just	
hartseer	sad	
Genoeg	enough	
Koop	buy	
Eienaar	owner	
Resies	race	
Wen	win	
Verniet	free	
Betaal	pay	
Voeg	add	
Glimlag	smile	
Seker	sure	
Dankbaar	thankful	
Presies	exactly	
Totdat	Until	
Aanhou	Keep going	
Opgee	Give up	

Breek aan	Came	
Senuweeagtig	nervous	
Klop	Knock	
Keel	Throat	
Wegspringplek	Starting point	
Stap	walk	
Eers	first	
Vergeet	forget	
Soos	like	
Steek	crosses	
Wenstreep	Finish line	
Ander	other	
Deelnemers	participants	
Skree	shout	
Opgewonde	excited	
Terwyl	while	
Towerskoene	Magic shoes	
Kyk	Look	
Behoort	belongs	

Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg

MANDU SE ATLETIEKSKOENE

Mandu is in Graad 4 in Groenland-laerskool in Durban. Sy is 'n uitstekende atleet en oefen elke dag. Die kinders terg haar altyd omdat sy nie atletiekskoene het nie. Sy wens só dat sy atletiekskoene kan hê, want haar voete raak baie seer, veral wanneer die grond warm is. Sy haat dit ook as die kinders vir haar lag.

Een Saterdag vat Mandu al die geld wat sy gespaar het en gaan na die sportwinkel in die dorp toe. Sy kyk na die atletiekskoene, maar sy voel sommer baie hartseer, omdat sy nie genoeg geld het om dit te koop nie.

Mev. Masondo, die eienaar van die winkel, sien die hartseer in Mandu se oë.

"As jy die resies wen, sal ek vir jou die atletiekskoene verniet gee," sê sy. "Maar as jy nie wen nie, sal jy daarvoor moet betaal," voeg sy met 'n glimlag by.

"O mevrou, baie, baie dankie! Ek sal elke dag oefen en seker maak dat ek wen," sê Mandu dankbaar.

En dit is presies wat Mandu toe doen. Sy hardloop en hardloop totdat haar bene pyn. "Ek moet aanhou oefen," sê sy vir haarself. "Ek moet nie opgee nie!"

Die groot dag breek aan en Mandu is baie senuweeagtig. Haar hart klop in haar keel toe sy na die wegspringplek toe stap. Maar toe sy eers begin hardloop, vergeet sy hoe bang sy is.

Sy hardloop soos die wind en steek die wenstreep lank voor die ander deelnemers oor.

"Ek het gewen! Ek het gewen!" skree sy opgewonde terwyl sy na die towerskoene aan haar voete kyk, wat nou aan haar behoort.

1. Wat is die naam van die meisie?

_____ (1)

2. In watter graad is die meisie?

_____ (1)

3. Wat is haar skool se naam?

_____ (1)

4. Wie is die eienaar van die sportwinkel?

_____ (1)

5. Waarom terg die kinders hierdie meisie?

_____ (2)

6. Waarom wens Mandu dat sy atletiekskoene kan hê:

_____

_____

_____ (2)

7. Haal een woord uit die teks om te beskryf hoe Mandu oor Mevrou Masando se ooreenkoms (deal) gevoel het?

_____ (2)

8. Beskryf hoe Mandu gevoel het op die dag van die resies:

_____

_____ (2)

9. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal sinne uit die teks om jou antwoord te motiveer:

9.1 Mandu was 'n baie goeie atleet.

_____

_____ (2)

9.2 Haar ma het haar geld gegee (gave) om die atletiekskoene te koop.

_____

_____ (2)

9.3 Mevrou Masando sal vir Mandu die atletiekskoene verniet gee, as sy nie die resies wen nie.

_____

_____ (2)

10. Waarom sê Mandu dat haar atletiekskoene towerskoene is. **Onderstreep** die korrek antwoord:

a) Die skoene het haar aanmoedig (encouraged) om te oefen.

b) Haar voete is nie meer seer nie.

c) Die skoene was 'n geskenk (gift). (2)